







Ons is 'n familie vol liefde

T: 044 691 2465
E: admin@ngmosselbaai.co.za
www.ngmosselbaai.co.za

# FAMILIENUUS — SONDAG 7 Junie 2026

## 08:00 & 10:00

**Prediker:** Dean Bentley
**Skrif:** Numeri 13
**Tema:** Bedrieglike oë

## 18:00

**Prediker:** Henri Meyer
**Skrif:** Openbaring 3:14
**Tema:** Louwarm geloof

Die Spesiale kollekte gaan vandag vir die **Kategese.**
Ons finansier o.a. Lesreekse, handboeke, kampe en projekte met die geld.

## KATEGESE

| | |
|---|---|
| **3jr - Graad R:** | **10:00 Kleuterkerk** (kleuters sit by ouers tot en met kindertyd en gaan daarna uit na hul klassie). |
| **Graad 1 – 3:** | **08:50 in Borrelklub** |
| **Graad 4 – 6:** | **09:00 in Gemeentehuis** |
| **Graad 7 – 11:** | **18:00 tydens Kuierkerk in kerkgebou** en daarna in graadgroepe. |

## PREDIKANTE

Henri Meyer
henri@ngmosselbaai.co.za
083 455 6940

Dean Bentley
dean@ngmosselbaai.co.za
084 782 4595

Almal word genooi vir koffie of tee na kerk buite die Gemeentehuis.

**NUWE LIDMATE**

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**

Meld asb aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se portaal of kerkkantoor vir lidmaatskapvorms

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG**<br>8 Junie | | |
| **DINSDAG**<br>9 Junie | 09:00 Samaritaan kospakkiedag/kleingroep<br>10:00 Bybelstudie vir vroue | 11:00 Seewind<br>13:00 Bloedbank in Klipkerk |
| **WOENSDAG**<br>10 Junie | 11:00 Bybelstudie vir Seniors | 17:00 Bybelstudie (Danabaai)<br>18:00 JV's |
| **DONDERDAG**<br>11 Junie | | 18:00 Mannegroep |
| **VRYDAG**<br>12 Junie | 06:00 Wild@heart mannegroep | 18:00 Bingo-aand |

## PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudingsprobleme, huweliksprobleme, geloofsprobleme, werkskrisisse, rousmart, ens. Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr. Ben Joubert 082 921 0348.

## FLOREER-IN-JOU-HUWELIK-NAWEEK 18-21 JUNIE te KLAARSTROOM HOTEL

Dis tyd om te belê in een van die belangrikste verhoudinge in jou lewe. Kom saam op 'n naweek om jou huwelik te verryk. Kostes is R3950 per paar. Dit sluit 'n heerlike naweek by die Klaarstroom Hotel in met alle etes ingesluit. (Eie Vervoer). Bespreek en betaal asb by die kerkkantoor.

## GEBEDSBROKKIES

Wees dan geduldig, staal julle harte, want die wederkoms van die Here is naby.
Jakobus 5:8

Gebed is ñ tweegesprek tussen twee persone wat mekaar liefhet en tyd maak vir mekaar.
ROSALIND RINKER

## SEEWIND

Die Seewindbediening benodig toiletware vir hul voorradekas waaruit die haweloses, soos nodig, gehelp kan word. Skenkings van toiletware soos bv. seep, waslappies, tandeborsels, tandepasta, mans- en vroue-aanroldeodorant, haarsjampoe, sanitêre produkte of 'n finansiele bydrae vir aankope kan by die kerkkantoor afgegee word.

## NUWE LIDMATE FUNKSIE

Ons wil graag al die nuwe lidmate wat die laaste paar maande by ons aangesluit het uitnooi na ons Nuwelidmateverwelkoming in die Klipkerk direk **na afloop van die 10:00 erediens op Sondag, 21 Junie 2026**
Die bedieningslede sal die nuwe lidmate kontak om bywoning te bevestig.

## KOMMUNIKASIE NA DIE GEMEENTE

Om deel te word van die gemeente se Whatsapp-groep, gebruik asb die QR kode of stuur jou naam en nommer vir Corné (083 964 6368) om jou by te voeg.

## TAXIBEDIENING UITREIK

Ons wil graag helpers uitnooi om te deel in een of albei die Taxi uitreike:

1) Vrydag 26 Junie vanaf 13:00 by Taxi staanplek naby die HAVEN. (Ons ontmoet mekaar eers by die kerkterrein).

2) Saterdag 27 Junie by Shell bus stop en die Langeberg Mall taxistaanplek vanaf 09:00. **Skakel asb. Hennie Lombard 073 020 4118** indien u saam wil deel in die verspreiding van Bybels en die Evangelie.

## HEKEL EN BREIGROEP

Ons soek mense wat saam met ons wil hekel en brei vir bejaardes. Kom sluit gerus aan. Jy kan op jou eie hekel of brei of soms kan ons bymekaar kom en sommer net tyd saam spandeer. Frieda 0733060703.

## OPSKOPPERTOER

Toerlede word daaraan herinner dat hul depositos vir die toer (R1500pp) betaalbaar is voor of op 14 Junie. *Laat weet asb vir Corné indien jy jou bespreking moet kanselleer – ons het 'n waglys.*

## KORT KURSUS: OM BETER TE LUISTER...

Dalk voel jy al lankal: ek wil mense bystaan wat met **siekte** of **verlies** moet leef, maar weet nie HOE nie.

Kom dink en praat dan saam op 8 & 10 Junie (9:00-12:00) oor siekesorg en sterwensbegeleiding o.l.v. Dr Gerrie van Deventer as fasiliteerder.

**Die venue vir die kursus is by die Caritas Care Centre, binne die Ocean View Mall, op die hoek van Bland en Crookstraat, Mosselbaai.**

## BINGO-AAND

**Op Vrydagaand 12 Junie 2026,** bied ons Kruisvroue 'n gesellige Bingo-aand aan om 18:00 in die Klipkerk.

Bring die hele gesin en kom geniet 'n heerlike aand saam met ons.

Kaartjies kos R120 en sluit jou bingokaartjies, 'n kerrie & rysete en 'n soet bederf saam met koffie in. Bring net jou eie drinkgoed. Kinderoppas-diens in gemeentehuis @ R80

## DANKFEESBASAAR - 'N VIERING VAN DANKBAARHEID

Wat 'n geseënde dag het ons saam beleef! Die Dankfeesbasaar was nie net 'n geleentheid om produkte te koop en te kuier nie, maar 'n viering van ons gemeente se saamhorigheid en die Here se goedheid.

'n Spesiale woord van dank aan die kerkkantoor - die eerste linie waar elke klagte, versoek en navraag beland, en wat dit met verantwoordelikheid en sorg hanteer. Julle is die anker wat ons vas hou en stabiliteit gee, sodat die res van ons ons take met vertroue kan voltooi.

Dankie aan elke sameroeper wat met kreatiwiteit en toewyding die stalletjies georganiseer het, en aan die manne wat die langpad aangedurf het om die skape te gaan haal. 'n Spesiale woord van waardering aan die vleisweek-span en almal wat gehelp het met verwerking, verpakking, bediening en opruim - 'n reuse-organisasie wat net deur baie hande moontlik was. Dankie ook aan almal wat mildelik geskenk het: bestanddele, produkte, tyd en energie.

Die feesdag self was die hoogtepunt: toe ons saam kon kuier, gesels, koop, proe en lag. Sonder julle teenwoordigheid sou die maande se voorbereiding nie tot'n ware Dankfees kon uitloop nie. Julle opoffering, vasbyt en lojale ondersteuning het die dag tot 'n seën gemaak.

Ons dankbaarheid sluit ook die gebede in wat vir die Dankfees gedra is - dit het ons voorbereidings en die dag self ondervang en gedra.

Uiteindelik bring ons ons dank aan die Here, wat ons herinner dat alles genade is. Ons bring Hom eer vir Sy seën op die Dankfeesbasaar, en mag ons dankbaarheid sigbaar bly in ons dade en ons gemeenskap.

## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise, **Corrie Claassen,** hospitaal (Willie 082 715 9384); **Corlene Lombard,** nekoperasie (082 459 2328); **Jan Steyn**, kankerbehandeling (Lynette 083 627 1294); **Frans Conradie,** hospitaal; **Mara Kolesky**, (Albert 082 565 5624), **Marietjie Albrecht**, (Greg 083 250 1112); **Leon Coetzee**, longkanker (082 578 1222); **Linda Marx**, kanker (083 725 4556); **Percy van Schalkwyk**, hart, (Heather 072 225 9177); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

*Laat weet asb 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek.*

## VERSOEK VAN GEBEDSBEDIENING

Ons rig graag 'n versoek vir meer aktiewe gebed in ons gemeente. Ons vra lidmate wat kan meedoen in gebed. Ons kyk o.a. na die drieling patroon waar 3 persone saam bid een of meermaal per week. Enige ander voorstelle is welkom.
Ons hoor graag van julle.

## GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom. Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate. Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

## WESKAAP SINODE KOMMUNIKASIE

Lees 'n aanlyn weergawe van **Kerkbode** by: https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/

Die **Vrydagnuus** is die amptelike nuusbrief van die NG Kerk Wes-Kaapland. Om in te teken om die nuusbrief per epos te ontvang gaan na https://kaapkerk.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

**Vir sendingbydraes:**
GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

Snap here to pay
SnapScan

## BEDIENINGS

**VOORSITTER:** Cobus Coetzee, 082 453 3305
**ROEPING:** Ben Joubert 082 921 0348
**AKSIE SAMARITAAN:** Johan Meyer, 082 772 5490
**DIAKONIE:** Koos Crause, 083 229 1178
**EIENDOMME:** Willem Knoetze, 082 408 6769
**EREDIENS:** Dennis Engelbrecht, 083 251 5998
**FINANSIES:** Chrisjan van der Merwe 082 570 0065
**FAMILIE:** Jacques le Clus, 073 172 8424
**GETUIENIS:** Herman van Huyssteen, 083 393 3760
**OMGEE:** We-Nita Joubert, 082 414 5608

- Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
- Eenique: Ananda Wessels, 083 480 9653
- Deernis: Krista de Bruyn, 083 692 0843
- Kruisvroue: Orna Snyman, 083 279 1660

**SENIORS:** Jan de Witt 082 695 3672

- 85+: Lizelle Vorster, 083 268 4291
- Opskoppers: Jan de Witt, 082 695 3672

**GEBED:** Alta van Zyl, 083 257 3884
**DVK:** Kobus Weideman 082 807 5154
**NUWE LIDMATE:** Frank Tomas, 083 388 3657
**GASVRYHEID:** Petro Proudfoot, 082 775 3473
**KOMMUNIKASIE:** Dean Bentley
**BASAAR:** Louwrens de Wet, 083 308 4463

## KERKKANTOOR – 044 691 2465

*Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste.*

**Admin. Beampte (Skriba):**
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za

**Finansiële Beampte (Kassier):**
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za

**Koster:**
Johann Rossouw: 076 582 0619

**Musiekleier:**
Franco Engelbrecht: 079 926 1818

**Pastorale Terapeute:**
Ben Joubert: 082 921 0348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127

**Pastorale Werker (Ouetehuise):**
Henk Brits: 082 855 7136